# DIE EVANGELIESE BELYDENIS
## VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

## INHOUD


| HFS | OMSKRYWING | BL |
|---|---|---|
| 1 | Oor die Woord van God | 1 |
| 2 | Die Ordo Salutis | 4 |
| 2.1 | Roeping | 5 |
| 2.2 | Bekering | 5 |
| 2.3 | Regverdigmaking | 6 |
| 2.4 | Wedergeboorte | 7 |
| 2.5 | Heiligmaking | 8 |
| 2.6 | Verheerliking | 9 |
| 3 | Oor die ewige verkiesing van God | 10 |
| 4 | Oor die sonde | 12 |
| 5 | Oor die Christelike Kerk | 13 |
| 6 | Oor die sakramente | 15 |
| 6.1 | Sakramente in die algemeen | 15 |
| 6.2 | Die sakrament van die doop | 15 |
| 6.3 | Die sakrament van die nagmaal | 16 |
| 7 | Oor Goddelike genesing | 17 |
| 8 | Oor die Laaste dae | 18 |

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS

**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 1

## OOR DIE WOORD VAN GOD

1.1 Die Heilige Skrif het sy oorsprong in God self. Dit is in sy geheel, al sy afsonderlike dele, asook met al die oorspronklike woordgebruik, deur Goddelike inspirasie gegee. Die inspirasie van die Skrif kan enersyds nie slegs betrekking hê op die geheel en nie die afsonderlike dele nie en andersyds ook nie op sekere afsonderlike dele en nie die geheel nie. Jesus Christus, die Seun van God, het die inspirasie van die Heilige Skrifte bevestig deur te getuig dat dit die woorde van die lewende God is. Die apostels het hierdie getuienis herhaal en bevestig dat hul geskrifte sowel as dié van die ander Nuwe Testamentiese skrywers, gelyk in gesag aan dié van die Ou Testament is. Die Woord van God: die 39 boeke van die Ou- en 27 boeke van die Nuwe Testament, is in sy totaliteit ’n openbaring van God en hierin het Hy gebruik gemaak van menslike taal om die openbaring progressief daar te stel deur die werking van die Heilige Gees. Geen verdere normatiewe openbaring is gegee na die voltooiing van die Nuwe Testamentiese kanonieke boeke nie.

1.2 By die ontstaan van die Skrif was interaksie tussen God en Bybelskrywers sodanig dat die persoonlikheid, literêre styl en tydsomstandighede van elk van Sy menslike instrumente deur God aangewend om Sy woorde in mensetaal aan mense deur te gee. Die onderskeie skrywers is deur God verkies, vir dié doel voorberei en was tydens die skryf van die Woord onder Sy volle beheer, ongeag daarvan dat hul nie volmaak of alwetend was nie. Hul onvolmaaktheid of feilbaarheid kon nie verdraaiing, dwaling of valsheid in die Woord van God tot gevolg hê nie. Bybelskrywers was ook nie alwetend nie, hulle was gewone deursnee mense. Dit waaroor hulle geskryf het was nie die produk van hul eie denke nie ook het hulle nie lering daarin ontvang nie, maar dit is deur die Heilige Gees aan hulle gegee. Hoewel daar in die Skrif aan hulle erkenning gegee word, is dit deurgaans sekondêr; God self bly altyd die ware Outeur van die Woord. Daarom moet die Heilige Skrif aanvaar word as die gesaghebbende Woord van God wat deur mense aangeneem, geglo en gehoorsaam moet word.

1.3 Streng gesproke het inspirasie betrekking op die oorspronklike grondteks van die Bybel. Dit sien nie slegs op elke gedagte in die Skrif nie, maar elke gedagte is ook woordeliks geïnspireer. Elke woord in elke gedagte het betekenis, daarom is daar nie een woord te veel of te min in die Heilige Skrifte te vind nie. Afskrifte en vertalings van die Bybel is die Woord van God, soos dit getrou die oorspronklike weergee. Alhoewel die oorspronklike manuskripte in Bybelse tye skaars was, was daar dikwels gebruik gemaak van handgeskrewe afskrifte, wat in die Skrif ook "Woord van God" genoem word. Terwyl daar alleenlik afskrifte en geen oorspronklike manuskripte meer is nie, kan ons deur die voorsienigheid van God met groot akkuraatheid bepaal, wat die oorspronklike teks was en gevolglik die Woord van God is. Geen noodsaaklike element van die Christelike geloof word

geraak deur die afwesigheid van die oorspronklike grondteks nie. Vertalings moet die betekenis van die woorde in die oorspronklike tale weergee, daarom moet dit suiwer en woord-vir-woord wees. Begripsvertalings, hoewel dit soms kan dien om Skrif beter te begryp, kan nie aanvaar word as die Woord van God nie, omrede dit die mening van feilbare mense is. Terwyl God self die suiwerheid en akkuraatheid van die oorspronklike teks gewaarborg het, het Hy nie dieselfde gedoen met die oorskryf of vertaling van die Skrif nie.

1.4 Die Heilige Skrif is in sy geheel onfeilbaar, wat beteken dat dit volmaak, volkome die waarheid en algeheel betroubaar is in alle sake wat dit aanspreek. Voorts is die Bybel in sy geheel vry van enige foute, valsheid en misleiding. Hoewel die onfeilbaarheid en foutloosheid van die Skrif van mekaar onderskei kan word, kan dit nie van mekaar geskei word nie. Hierdie twee negatiewe terme het ’n besondere waarde, want hul beveilig uitdruklik kardinale positiewe waarhede. So beveilig "onfeilbaarheid" in kategoriese terme, die waarheid dat die Heilige Skrif ’n ware, veilige en betroubare maatstaf is en wat kan leiding gee in alle sake. So ook beveilig die term "foutloosheid" die waarheid dat die Heilige Skif in sy geheel waar en geloofwaardig in al sy verklarings is. Die Heilige Skrif moet altyd verstaan word op die basis dat dit die woorde is wat deur God gespreek is en daarom nie anders as onfeilbaar en foutloos kan wees nie. Die betroubaarheid van die Skrif word nie negeer deur wat daarin voorkom, gemeet volgens hedendaagse terme en kennis nie, soos bv. onreëlmatighede in grammatika en spelling; die gebruik van ronde getalle en figuurlike spraak; fenomenale beskrywings van die natuur; verslae oor valse verklarings deur karakters in die Skrif of skynbare teenstrydighede tussen Skrifgedeeltes.

1.5 Die Heilige Skrif is God se getuienis aangaande Jesus Christus, die Saligmaker van die wêreld. Hy, die Seun van God, is die Woord wat vlees geword het. Die openbaring wat Hy gegee het, is meer as alleenlik net woorde. Hy het God die Vader ook geopenbaar deur Sy teenwoordigheid en ook sy dade op aarde. Omdat Hy God is, ook terwyl Hy in vlees op die aarde was, was sy woorde van kardinale belang, selfs sy woorde sal die mens eenmaal oordeel. Jesus Christus is die sentrale tema van die Skrif: die Ou Testament dui vooruit op die Een wat gaan kom, die Nuwe Testament verwys terug na die Een wat gekom het en ook weer vooruit na die Een wat weer gaan kom. Geen Skrif kan dus na reg begryp word as die historiese Jesus nie die brandpunt daarvan is nie. Ons glo van harte alles wat die Skrif ons aangaande Hom leer, ook Sy maagdelike geboorte, al Sy leringe en wonderwerke, Sy kruisdood en opstanding.

1.6 Wat die Heilige Skrif voorts so besonder maak en onderskeie van enige ander geskrif, is dat die Heilige Gees in die hart van God se kinders getuienis gee aangaande die waarheid en betroubaarheid daarvan. Hierdie werk van die Heilige Gees het betrekking op die ondersteuning aan die leser in die bereiking van helderheid om die inhoud van die Skrifte te verstaan. Dit is die Gees van God wat

die diep dinge van God ondersoek, wat die onvolmaakte en beperkte verstand van die mens moet verlig om die geestelike dinge van die Woord te begryp. Hierdie getuienis van die Gees is meer en hoër as die intellek van die mens. Omdat God alleen werklik die volle betekenis en diepte van Sy Woord ken, daarom kan dit alleen na reg begryp word deur die werking van Sy Gees.

1.7 Verder moet die Skrif deur die verligting van en in die afhanklikheid aan die Heilige Gees verklaar word, ooreenkomstig die eeue-oue grammaties-historiese metode, waarop daar in besonder gelet moet word om Skrif met Skrif te verklaar. Verder ook om te bepaal wat die letterlike bedoeling van die skrywer daarmee was en wat die betekenis van daardie bedoeling huidig vir ons is. Geloof in die volle gesag, die onfeilbaarheid, sowel as die foutloosheid van die Skrif is gebiedend noodsaaklik om die Skrif suiwer te kan verklaar, terwyl die verwerping van hierdie dinge sal lei tot ernstige nadelige gevolge vir die individu en die Kerk.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS
**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 2

## DIE *ORDO SALUTIS*

Die Heilsorde soos dit deur die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika onderskryf word.

## INLEIDING

Die reddende genade van God is geleë in die persoon en versoening van Jesus Christus. En die mens word hierdie genade deelagtig deur die werking van die Heilige Gees langs die geopenbaarde heilsweg van God waarvan Hy, tot sy eie verheerliking, die Outeur is.

Die volbragte versoeningswerk van onse Here Jesus Christus word alleenlik in hierdie lewe effektief vir die mens wanneer dit toegepas word deur die Heilige Gees aan dié wat dit deur die Geloof ontvang. Die Heilige Gees se werk in ons is net so belangrik vir ons verlossing, as die voorsiening van Christus vir ons. So word die verlossing wat deur die bloed van Christus voorsien word, 'n lewende werklikheid in persoonlike ondervinding deur die werking van die Gees van God.

Die heilsweg gegrondves in Christus Jesus, is onlosmaaklik van sy persoon. Derhalwe is dit nodig dat die verlore sondaar die Seun van God deelagtig sal word, ten einde God se reddende genade te ondervind, alhoewel hy nie noodwendig kennis hoef te dra van die letterlike orde van Die weg nie. Terselfdertyd is dit ook waar dat volle kennis van die heilsweg sonder die persoonlike ondervinding van Christus, geen redding bring nie.

Dit is nodig vir die kind van God om te weet op watter wyse en langs welke weë die Here sy werk in die siel van die mens wat gered word, begin en voleindig. Dit versterk hom, maar bepaal ook sy verantwoordelikheid voor God om te voldoen aan die vereistes soos geopenbaar deur die Heilige Gees. Veral rus hierdie verpligting op die ampsdraers van Sy kerk en die geroepenes tot die bediening van die Evangelie. Dit is hoofsaaklik hulle roeping om hierdie waarhede van God, soos saamgevat in die heilsweg, te belewe en met vrymoedigheid te verkondig.

Alhoewel die verskillende dele van die *Ordo Salutis* kenmerkend van mekaar onderskei word, kan hulle nie altyd van mekaar geskei word nie. Die *Ordo Salutis* beklemtoon ook die feit dat die versoeningswerk van Christus Jesus toegepas word in 'n definitiewe en redelike orde en dat die mens nie die volheid van die verlossing in een enkele ondervinding kan ontvang nie.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS

**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## INDELING VAN DIE HEILSORDE

2.1 ROEPING
2.2 BEKERING
2.3 REGVERDIGMAKING
2.4 WEDERGEBOORTE
2.5 HEILIGMAKING
2.6 VERHEERLIKING

## 2.1 ROEPING

2.1.1 In hierdie roeping vind ons die genadige handeling van God, waardeur Hy die verlorenes uitnooi om die saligheid aan te neem wat hulle aangebied word in Christus Jesus.

2.1.2 Deur die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva, word ons almal in sonde ontvang en gebore, d.w.s. almal word verlore gebore. Omdat God nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie, maar almal wil red, daarom gaan hierdie roeping tot alle mense uit.

2.1.3 God gebruik verskillende middele om die roeping aan die mens tuis te bring en dit werk in op die verstand, gemoed en gewete van die mens.

2.1.4 Die roeping bestaan in die voorstelling van die evangeliese waarhede en die aanbieding van die saligheid in Christus met die uitnodiging om Christus deur die bekering en geloof aan te neem, sodat vergifnis van sondes en die ewige lewe verkry kan word. Hiermee gaan ook die ernstige vermaning dat die genadige roeping van God in hierdie lewe of by die dood tot ’n einde kan kom en die sondaar daarna vir ewig verlore sal wees.

2.1.5 Alle mense tot wie hierdie roeping deurdring, sal nou handelend optree. Sommige positief deur met ware berou hulle verlorenheid te erken en na Jesus as hulle enigste Saligmaker te vlug en die ander negatief, deur te volhard in hulle eie onafhanklikheid en selfstandigheid, en so onder die toorn van God te bly.

## 2.2 BEKERING

2.2.1 Bekering is die positiewe handeling van die sondaar in antwoord op die genadige roeping. God is self die bewerker van bekering, maar Hy bekeer nie vir ons nie. Hy skenk bekering in dié sin dat Hy dit vir die sondaar moontlik maak.

2.2.2 Om te kan onderskei tussen die verskillende elemente van bekering, moet ons die Skriftuurlike terme, soos uitgedruk in die oorspronklike woorde, in aanmerking neem.

In die Ou Testament

2.2.2.1 *Nacham* - wat beteken om uitdrukking te gee aan ’n diep gevoel van jammerte. Hierdie innerlike bekering gaan dikwels gepaard met ’n verandering van plan of handeling.

2.2.2.2 *Shubh* - dit is die algemene woord vir bekering in die Ou Testament wat beteken om om te draai of terug te keer. Hierdie woord word gewoonlik gebruik in verband met Israel se terugkeer tot die Here.

In die Nuwe Testament

2.2.2.3 *Metanoia* - met die werkwoord *metanoeo* - is die algemene woord vir bekering in die Nuwe Testament en verwys na 'n verandering van gesindheid.

2.2.2.4 *Epistrophe* - met die werkwoord *epistrepho* - wat beteken om terug te keer of om te draai. *Epistrepho* sluit altyd die gedagte van geloof in terwyl *metanoeo* soms net die begrip van bekering behels, sonder om die geloof in te sluit. In die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Ou Testament), word die woord *Nacham* ook vertaal as *Metanoia*, en *Shubh* ook as *Epistróphe*.

2.2.3 *Die verskillende elemente in die bekering*

2.2..3.1 *Die element van sinsverandering* ("epentance"), soos gesien in die betekenis van die woorde *Nacham* en *Metanoia*. Dit bestaan in die oortuiging van, en 'n Godgewerkte berou oor die sonde met die bewustheid van persoonlike skuld en verlorenheid voor God, eie hulpeloosheid en 'n gewaarwording van God se genade in Christus Jesus.

2.2.3.2 *Die element van wilsbesluit* ("conversion"), soos gesien in die betekenis van die woorde *shubh* en *epistrophe* en wat uit (a) vloei. Dit bestaan uit 'n afskei van sonde gepaard met 'n wegkeer daarvan en 'n terugkeer tot God, gewoonlik in die vorm van belydenis of erkenning van sonde en 'n verlore toestand, saam met die innige, eerlike en heelhartige voorneme om deur die genade van God vir altyd te breek met die sonde.

2.2.3.3 *Die element van geloof*. Die Saligmakende geloof is werksaam vanaf die beginstadium van die bekering (a) en bereik 'n hoogtepunt na (b) in die vorm van daadwerklike geloof of hartlike vertroue in die soenverdienste van die Here Jesus Christus as persoonlike Saligmaker. Hierdie hoogtepunt is die skakel wat van bekering na regverdigmaking lei.

2.2.4 Ware bekering bestaan dus uit die oortuiging dat ons gesondig het en skuldig voor God is, dit sluit 'n berouvolle hart oor sonde in, dit bring belydenis van sonde voort, dit behels die wegkeer van sonde na God en gaan gepaard met die goddelike vrug wat by die bekering pas.

## 2.3. REGVERDIGMAKING

2.3.1 Regverdigmaking is 'n regtelike daad van God op grond van die versoening, waardeur Hy die sondaar vir ewig regverdig verklaar. As sodanig verander dit nie die siel direk nie, maar verskaf die nodige status voor God, m.a.w. God verklaar nou die eers gevalle sondaar as volmaak vry en geregverdig in Christus Jesus.

2.3.2 Ons moet onderskei tussen die negatiewe en positiewe elemente van regverdigmaking.

2.3.2.1 Die Negatiewe Element:

Hierdie negatiewe element is die vergifnis van sondes op grond van die versoeningswerk van Christus. Die vergifnis wat ontvang word by regverdigmaking, het betrekking op al die sondes van die verlede, hede en toekoms en sluit in die wegneem van alle skuld en van ewige straf. Hierdie goddelike uitspraak van vryspraak word tuisgebring by die geregverdigde sondaar in die vorm van ’n vredevolle en geluksalige bewussyn van vergifnis van sondes en van die guns van God.

2.3.2.2 Die Positiewe Element:

Hierdie positiewe element in regverdigmaking kan duidelik van die negatiewe onderskei word in uitsprake van die Skrif soos : "Jou skuld van jou wegneem (negatief) en Ek beklee jou met feesklere" (positief), "vergifnis van sondes (negatief) en ’n erfdeel onder die heiliges kan ontvang" (positief)

Hieruit kan twee dinge opgemerk word, nl. dat die geregverdigde die mag het om ’n kind van God te kan word en ook die reg het om die ewige lewe te kan ontvang.

2.3.3 Om die mens wat gesondig het en so die straf oor sonde verdien, regverdig te kan verklaar, moes Christus Jesus regverdiglik versoening bewerk om te kan voldoen aan die eis van God se geregtigheid. Daarom is die bloed van Christus die enigste grond vir regverdigmaking en die enigste manier om dit te verkry is die geloof. Om dié rede kan geloof nie die grondslag van regverdigmaking wees nie, ook nie die rede waarom God die mens regverdig verklaar nie, maar wel die toegangsmiddel tot regverdigmaking.

## 2.4 WEDERGEBOORTE

2.4.1 Gepaard met regverdigmaking vind die vernuwing deur die Heilige Gees plaas. Die sondaar wat geregverdig is, is geskik om die goddelike natuur deelagtig te word. Hierdie vernuwing is die wedergeboorte deur die Heilige Gees wat voorafgegaan word deur die reinigingswerk van die Woord en wat dan opgevolg word deur die getuienis en verseëling van die Heilige Gees.

2.4.2 Daarom is wedergeboorte ’n daad wat God alleen aan die siel van die mens kan doen op grond van die bloed van Christus Jesus. Hierdie daad is ’n bewustelike ondervinding in hierdie lewe en kan dus nie voor die geboorte of na die dood plaasvind nie. Sonder hierdie ondervinding sal die mens nooit die koninkryk van God kan ingaan nie; daarom is wedergeboorte die eis van God vir elkeen om die hemel te kan beërwe.

2.4.3 Deur hierdie krisis van wedergeboorte is die mens wat dood was in sy sonde en misdade lewend gemaak. Daar het nou ’n nuwe skepsel in Christus voortgekom. So ’n mens se wil is daarop gestel om God met ’n volkome hart te dien en kan nie volhard in bewuste sonde nie. Daarom begin heiligmaking alreeds by die wedergeboorte.

2.4.4 By die ondervinding van wedergeboorte word die Heilige Gees, wat ’n persoon is, ten volle ontvang. Die Gees van God getuig saam met die gees van die mens dat hy ’n kind van God is en gee so die innerlike sekerheid van saligheid. Die Heilige Gees wat nou in die hart woon, en as onderpand gegee is, verseël die kind van God sodat hy nooit weer verlore kan gaan nie.

## 2.5 HEILIGMAKING

2.5.1 Die wedergebore mens wat in Christus uitverkies is, word deur God geroep om gelykvormig te word aan die beeld van sy Seun. Dit is ’n proses wat by wedergeboorte begin vroeër of later behoort uit te loop op ’n krisis by die verlossing van die inwonende sonde en vervulling met die Heilige Gees, en daarna gevolg word deur ’n proses waarin die kind van God al meer en meer gereinig word en in groter mate invullings van die Heilige Gees ontvang.

2.5.2 Dit is die werk van God in die innerlike mens, waar die reiniging van sonde plaasvind en die nuwe lewe, wat by wedergeboorte ontvang is, versterk word. Heiligmaking is die wil van God vir sy kinders, dit is die vrug van die vereniging van ons lewe met Christus Jesus en reiniging deur sy kosbare bloed en dit word geopenbaar in ons lewens deur die vrug en krag gewerk deur die Heilige Gees. Terwyl die Heilige Gees hoofsaaklik die bewerker van heiligmaking is, geskied dit uitsluitlik deur die verdienste en op grond van die versoening van Christus Jesus.

2.5.3 Die kind van God deel ook in die werk van heiligmaking. Dit beteken nie dat dit gedeeltelik die werk van God en gedeeltelik die werk van die mens is nie, maar dat God alleen hierdie werk doen wanneer die mens as ’n redelike wese gewillig is om hom daarvoor oor te gee en God daarvoor te vertrou.

2.5.4 Die verlossing van die inwonende sonde is ’n bewustelike tweede krisis in die lewe van die kind van God. Hoewel hy geheel-en-al vrygemaak word van die inwonende sonde, is die kind van God nie nou sondeloos volmaak nie, aangesien die hele sielelewe, as gevolg van die inwonende sonde, besmet is. Hierdie sondigheid in die sielelewe kan alleen verwyder word in die proses van heiligmaking, wat sal voortgaan tot aan die einde van die lewe op aarde. (Indien die kind van God in hierdie lewe ’n toestand of stadium bereik waar hy sondeloos is of so heilig is dat die proses van heiligmaking nie meer in die lewe kan voortgaan nie, is hy alreeds gelykvormig aan die lewe van Christus wat vir die mens in hierdie lewe onmoontlik is)

2.5.5 In die proses van heiligmaking vind ons twee bepaalde aspekte:

2.5.5.1 Negatief:

Dit is die werk van God, waardeur die besmetting van die sielelewe geleidelik verwyder word. Die bloed van Christus reinig na gelang die kind van God gewillig is om af te lê. Hy kan slegs soveel sien en aflê as die mate waarin hy hom ken; nietemin is selfkennis nooit volkome nie. Ware selfkennis is ’n openbaring van die Heilige Gees en nie die blote vrug van verstandelike oortuigings en emosionele gewaarwordinge nie. Die Heilige Gees doen hierdie openbaringe op verskillende wyses, bv. direk deur die Skrif, deur die prediking,ens.

2.5.5.2 Positief:

Dit is die werk van God, waardeur die nuwe lewe versterk, opgebou en die vermoë tot geestelike deugde vermeerder word. Hierdie is die geestelike groei van die kind van God en vind plaas deur God die Heilige Gees, soos die kind van God daartoe gewillig is. Dit is die gelowige se inbesitname van dit wat God in Christus bied. Dit is baie belangrik dat die kind van God voortdurend moet onderskei tussen God se totale voorsiening en hoeveel hy daarvan besit.

Hierdie twee aspekte van heiligmaking is nie opeenvolgend nie, maar vind gelyktydig plaas.

2.5.6 Terwyl die kind van God nooit ’n staat van sondelose volmaaktheid in hierdie lewe kan bereik nie, is daar volgens die Skrif ’n posisionele volmaaktheid waarin die kind van God gedurig moet wees. Dit is om gedurigdeur die getuienis van die Heilige Gees te hê dat : "ek is my van geen ding bewus nie". Hierdie posisionele volmaaktheid word telkens ondervind nadat God ’n dieper reiniging in die innerlike lewe gedoen het en voordat die kind van God deur die oortuiging van die Heilige Gees bewus is van ’n ander defek in die lewe.

2.5.7 Die gevolge en vrug van heiligmaking dring deur tot elke sfeer van die lewe, tydelik sowel as geestelik en dit stel die kind van God in staat om alles te doen tot verheerliking van God.

## 2.6 VERHEERLIKING

Die verheerliking vind plaas by die opstanding van die liggaam, met Jesus se wederkoms. Die herskeppende genadewerk van die versoening dek ook die liggaam. Daarom dat God in hierdie lewe, deur die geloof en die volbragte werk van die kruis, die mens se krankhede genees en by die opstanding die sterflike liggame algeheel sal verander om volmaak gesond te wees. Die verganklikheid word met die onverganklikheid beklee en die kind van God is nou geheel en al verheerlik; gees, siel en liggaam volmaak en so algeheel gelykvormig aan sy Verlosser, Jesus Christus.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS

**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 3

## OOR DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD

3.1 Die Woord van God gebruik die woord *uitverkiesing* in meer as een opsig en in die meeste gevalle het dit geen verband met die saligheid van die siel of die feit dat iemand ’n ware kind van God is al dan nie. So vind ons dat die volk Israel as ’n volk uitverkies is vir besondere voorregte en diens; sekere konings is uitverkies om oor Israel te regeer; persone en groepe is onder die volk van Israel uitverkies om sekere take te vervul; die twaalf apostels is deur Christus uitverkies om saam met Hom op aarde te werk, terwyl Christus en ook die engele uitverkorenes genoem word.

3.2 In die uitverkiesing van die ware kinders van God in Christus Jesus word aan die eenkant die totale vrymag van God aanvaar, omdat Hy alles kan laat plaasvind soos Hy bepaal het; dat Hy met al die mense kan doen net wat Hy wil en dat Hy alleen die saligheid aan die mens kan gee soos Hy wil. Aan die anderkant kan duidelik uit die Skrif verstaan word dat die mens ’n verantwoordelikheid teenoor sy saligheid het. Dit kan ook duidelik gesien word in die feit dat God almal wil red en tog word almal nie gered nie; dat Jesus vir almal gesterf het om almal te kan red en ten spyte hiervan baie wel verlore gaan; en die feit dat die mens eendag geoordeel gaan word volgens sy werke.

3.3 Die totale vrymag van God en die verantwoordelikheid van die mens is nie twee teenstrydighede in die leer van die uitverkiesing nie, maar is aanvullend tot mekaar om ’n geheel te vorm. Hierdie twee waarhede ontmoet mekaar in die ewige raad van God in die persoon van Christus Jesus. So vind ons dat God voor die grondlegging van die wêreld bepaal het dat almal wat in Christus Jesus is, sy uitverkorenes is. Dan vind ons weer dat die mens met sy verantwoordelikheid ’n keuse het om Jesus as sy Saligmaker aan te neem of te verwerp. Die uitverkiesing in die Here Jesus sluit dus juis die verantwoordelikheid van die mens in, want geen sondige mens kan aan Christus verbind word sonder bekering nie.

3.4 Die uitverkiesing beteken dat Christus Jesus die grond van ons saligheid is en nie ’n willekeurige besluit van God wat in die ewigheid buite die Saligmaker geneem is nie. Wat God van ewigheid af besluit het is nie dat daar buite Christus ’n bepaalde groep persone bestem word tot die verdoemenis nie, maar dat die uitverkiesing in Christus sal wees!

3.5 Die uitverkiesing het nie betrekking op die verlore sondaar in sy keuse tot saligheid nie. So leer die Skrif ons dan dat nie alleenlik hulle wat uitverkies is, uitgenooi word om deur Sy bloed verlos te word nie, maar wel dat almal Hom kan aanneem. Diegene wat Hom aangeneem het, dié is voor die grondlegging van die wêreld in Hom uitverkies.

3.6 Dit is dan absoluut duidelik dat God alle verlore sondaars wil red en daarom almal tot bekering roep omdat Christus Jesus vir alle mense versoening bewerk het Omdat Hy ’n regverdige en liefdevolle God is, werk Hy deur sy Gees in die harte van alle verlore sondaars om hulle in staat te stel om te kan glo en na Jesus te kom vir hulle saligheid. Alhoewel alle mense totaal verdorwe en geestelik dood gebore word, kan die onwedergeborene deur die werking van die Heilige Gees honger en dors na die geregtigheid. Die verlore sondaar kan egter hierdie werkinge van die Heilige Gees en die genade van God weerstaan en so vir ewig verlore gaan.

3.7 Om dus die verantwoordelikheid van die mens in die saligheid in aanmerking te neem, beteken nie dat die mens homself kan red nie. Redding bly ’n daad wat God alleen aan die siel van die mens kan doen. Dit beteken ook nie dat die redding van die siel van die mens alleen afhang, dat God die mens nie kan beweeg en dat Hy net op die mens moet wag om na Hom te kom nie. Dit beteken verder ook nie dat die mens gered kan word wanneer hy wil nie; hy moet na Jesus toe kom terwyl God hom nog trek. God kan ook ophou om te trek, dan is sy genadetyd vir ewig verby en kan die mens nie meer gered word nie.

3.8 God is totaal vry en by magte om al die mense wat gesondig het in die verdoemenis te werp as Hy wil. Hy kan ook, indien Hy so wil, sekere mense uitkies vir die hemel en ander vir die hel. Maar Hy is ook absoluut vry om te bepaal dat die saligheid van die mens se keuse sal afhang om Christus aan te neem of nie. Terwyl Hy dit só wou doen en bepaal het om die keuse van die mens in aanmerking te neem en hom in Christus uit te verkies tot heiligmaking, wie is die mens om te beweer dat Hy nie vry is om te doen wat Hy wil nie? By die aanskoue hiervan dat so ’n grote God so ’n groot genade aan sulke nietige mense bewys, wil ons saam met Paulus uitroep: "O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid".

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS
**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 4
## OOR DIE SONDE

4.1 Die begin van sonde in die mens se lewe was nie die gevolg van 'n sondige toestand met die skepping nie, maar van 'n sondige daad wat op sy beurt weer die oorsaak is dat die mens in sonde en 'n sondige toestand gebore word. Sonde het egter reeds voor die val van die mens in die persoon van Satan bestaan - hy wat die mens verlei het om te sondig.

4.2 Elke mens in die ganse menslike geslag het 'n verdorwe natuur wat die oorsprong van sondige dade is en in sigself sonde is. Die sonde veroorsaak dat die mens nie by magte is om die ware goeie te doen nie en dat sy eie geregtighede soos 'n besoedelde kleed is. Sonde bring altyd skeiding tussen God en die mens en omdat Hy 'n God van geregtigheid is, kan Hy nie anders as om sonde te straf nie. Elke persoon, wat nie geregverdig word deur die bloed van Christus en so vergifnis van sy sondes ontvang nie, sal persoonlik die ewige straf oor sy sonde moet ondergaan in die poel van vuur.

4.3 Basies is sonde nie iets passiefs, soos byvoorbeeld 'n swakheid, 'n gebrek of 'n onvolmaaktheid nie, maar dit is 'n aktiewe opposisie teen God. Dit is nie die afwesigheid van wat goed is nie, maar is iets wesenlik. Dit is ook nie 'n geringer graad van goedheid nie, maar is 'n positiewe kwaad.

4.4 Daar is nie 'n neutrale toestand tussen die goeie en die sonde nie. Alhoewel daar ongetwyfeld grade in albei is, kan daar nie 'n geleidelike oorgang van die een na die ander wees nie. Die oorgang van die goeie na die sonde is nie kwantitatief nie, maar kwalitatief. 'n Persoon wat goed is en sondig word, word dit nie deur net bloot sy goedheid te verminder nie, maar word dit deur 'n radikale kwalitatiewe verandering, deur hom na die sonde te keer.

4.5 Sonde is nie net die verkeerde dade wat 'n persoon doen nie of om die goeie dade na te laat nie, maar is ook die wesenlike sonde - die verdorwenheid waarmee iemand gebore word - dit is die erfsonde. Hierdie wesenlike sonde, wat in die geestelike hart van die mens woon en die sondige toestand van die siel, is die bron van sondige neigings en word in sondige dade geopenbaar.

4.6 Deur die bloed van Christus Jesus is daar vergifnis van die sondige dade by die ondervinding van redding; verlossing van die inwonende sonde by die krisis van heiligmaking; verder ook reiniging van die sondige toestand van die siel deur die proses van heiligmaking wat sal voortgaan tot aan die einde van die lewe op aarde.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS
**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 5
## OOR DIE CHRISTELIKE KERK

5.1 Die onsigbare of universele Kerk van Christus bestaan uit al die wedergeborenes wat daar was, nog is en wat daar nog sal wees. Al hierdie persone is deur die Heilige Gees gedoop tot hierdie onsigbare liggaam van Christus en behoort dus aan hierdie Kerk van die oomblik dat hulle deur die Heilige Gees wederbaar is.

5.2 Die sigbare of algemene Christelike Kerk bestaan uit al die ware kinders van God, regoor die ganse wêreld in watter land of watter nasie of taal hulle ook mag wees. Dit beteken nie dat die sigbare en onsigbare Kerk twee verskillende kerke is nie, maar dat dit twee verskillende aspekte van een en dieselfde Kerk is. Christus is die enigste Hoof van hierdie sigbare Kerk, wat sy geestelike liggaam is, met al die kinders van God as die verskillende lede van die liggaam met hulle afsonderlike funksies en genadegawes. Dit is dan aan hierdie liggaam waaraan Hy sy geestelike lewe gee en deur wie Hy sy volheid en krag wil openbaar.

5.3 Hierdie sigbare Kerk op aarde bestaan uit baie indiwiduele Kerke of gemeentes. Uit die aard van die saak mag alleenlik hulle wat lede van die algemene Christelike Kerk is, as werklike lede van hierdie plaaslike Kerk erken word. Die uitsluitlike doel van die Kerk is die verheerliking van God in die uitbreiding van sy koninkryk in die harte van die lede sowel as in die verlore gaande wêreld. Enige hoeveelheid kinders van God mag daarom hulle vrywillig saamvoeg in ’n plaaslike Christelike Kerk. In hierdie Christelike Kerk dien die waarheid van die Woord van God as die rede waarom hulle verenig is, met die doel van aanbidding teenoor God, die opbouing van die kudde en Christelike dienswerk.

5.4 Die roeping van die Kerk is om in gereelde byeenkomste die ware evangelie te verkondig en sakramente te bedien soos Christus dit vir ons ingestel het. Hierdie byeenkomste wat moet dien tot die opbouing van die kudde en die redding van verlore sondaars neem gewoonlik die vorm aan van eredienste op die eerste dag van die week, naamlik die dag van die Here; weeklikse bidure en ander spesiale byeenkomste. Hierdie roeping van die Kerk is die verantwoordelikheid van al die lede gesamentlik en afsonderlik, terwyl die drie ampte naamlik die van die leraar, ouderling en diaken erken word in die besondere bedienings wat hierin vervul moet word.

5.5 Alhoewel die plaaslike Kerk ’n volledige Kerk is, is daar volgens die Skrifte ’n verband wat hulle onderling met mekaar kan handhaaf. Plaaslike kerke is dan ook saam verbind deur dieselfde leerstellings en kerkregering in een geestelike genootskap wat kerk genoem word, terwyl die plaaslike kerk, in hierdie genootskap, gemeente genoem word. Die enigste reg wat só ’n geestelike genootskap of kerk kan hê om te bestaan, is die feit dat alleen ware kinders van God as lede toegelaat word. Die kenmerke van so ’n kerk bly dan ook die suiwere prediking van die Evangelie, die bediening van die sakramente soos Christus dit

ingestel het en die gebruik van die kerklike tug teen die persone wat in sonde lewe. Omdat die suiwerste kerk vatbaar is vir vermenging en verleiding, kan enigeen so degenereer dat dit nie meer ’n kerk van Christus is nie, maar ’n sinagoge van die Satan.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS

**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 6

## OOR DIE SAKRAMENTE

6.1 *Sakramente in die algemeen*

6.1.1 Sakramente is uiterlike en sigbare tekens en seels van innerlike en geestelike genade wat in Christus Jesus aan ons gegee is. Daar is twee sakramente wat God vir ons ingestel het, naamlik die Doop en die Nagmaal; om Christus en wat Sy dood vir ons inhou, aan ons voor te hou.

6.1.2 As tekens is dit simboliese uiteensettings van die voordele van die kruis van Christus soos dit voorkom in die leerstellings en beloftes van die Woord van God. As seëls is dit waarborge wat daardie beloftes, deur God se eie waardigheid en getrouheid, bevestig.

6.1.3 Die genade wat aan ons voorgehou word deur die sakramente word nie uit hoofde van enige krag in hulleself verleen nie. Alhoewel dit deur geordende amptenare van die Kerk bedien word hang die doeltreffendheid van die sakrament nie af van die geestelikheid van die bedienaar nie, maar wel van die werking van die Gees van God tydens en na die bediening daarvan.

6.1.4 Die sakramente dien tot versterking van die geloof en is vir dié doel nie so onontbeerlik soos die Woord van God nie. Terwyl die sakramente geloof kan versterk, kan dit nie, soos die Woord van God, geloof voortbring nie.

6.2 *Die Sakrament van die doop*

6.2.1 Die doop is ’n sakrament wat deur Jesus Christus ingestel is en wat bedien moet word in die Naam van die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees.

6.2.2 Die uiterlike element wat gebruik word by die doop is die water en dit word by ons deur die Skriftuurlike metode van besprinkeling aan die persoon bedien.

6.2.3 Die doop is nie alleenlik bedoel vir gelowige volwassenes nie, maar ook vir kinders (waarby babas ingesluit is) van een of albei gelowige ouers.

6.2.4 Die Christelike doop verskil in hierdie opsig van die doop van Johannes deurdat dit nie vorentoe wys na die Messias wat nog moet kom nie, maar wel terug verwys na Jesus die Messias wat gekom het asook na die Heilige Gees in wie se dispensasie die doop bedien moet word. Daarom is die doop ’n teken en seël van die verbond van genade.

6.2.5 Die genade en saligheid is nie só aan die doop verbind dat die persoon wat gedoop word daardeur gered word nie, of nog daardeur gered moet word nie, of dat die persoon daarsonder nie gered kan word nie. Terwyl die doop die uiterlike teken is van die wedergeboorte wat innerlik met die mens kan plaasvind, vind die wedergeboorte nie op dieselfde tydstip plaas as wanneer die uiterlike teken van die doop bedien word nie.

6.2.6 Die sakrament van die doop kan slegs een keer aan ’n persoon bedien word. Om dié rede mag ’n persoon wat in ’n Christelike Kerk in die Naam van die drie-enige God gedoop is nie weer gedoop word nie. Dit is van toepassing al sou die doop langs watter metode ook al of deur wie of op watter stadium van sy lewe aan hom bedien gewees het.

6.3 *Die Sakrament van die nagmaal*

6.3.1 Die nagmaal is ’n herdenkingsfees om ons te herinner aan die dood van Christus Jesus en wat sy kruisdood vir ons beteken. Die gebruik van die nagmaal het reg by die dood van Christus begin en sal aanhou tot Hy weer gaan kom.

6.3.2 Die uiterlike elemente van die nagmaal is die gebreekte brood, wat Jesus se gebroke liggaam simboliseer en wyn, wat sy vergote bloed voorstel. Hierdie uiterlike tekens moet deur die persoon, wat die nagmaal gebruik, ingeneem word.

6.3.3 Alleenlik diegene wat die ondervinding het dat hulle in die bloed van Christus Jesus gewas is en so die sekerheid het dat hulle wedergebore is en ’n nuwe lewe ontvang het, het die reg om die sakrament van die nagmaal te gebruik. Omdat dit die tafel van die Here is, is dit oop vir alle ware wedergeborenes wat hulleself moet beproef om saam die dood van die Here te gedenk aan watter Kerk of gemeente hulle ook al mag behoort.

6.3.4 Die element van die nagmaal wat teken is van Christus se lyde aan die kruis dien nie net om ons aan sy dood te herinner nie, maar is ook ’n seël van die verbond van genade. Die opregte gebruik van die nagmaal in die krag van die Heilige Gees dien as versterking van die geloof van die kind van God sodat hy die voordele van die kruis geestelik kan eet en deur die genade in sy geestelike lewe kan toeneem. Om dié rede moet daar ’n herhaaldelike gebruik van die nagmaal plaasvind.

6.3.5 Alhoewel die gebruik van die nagmaal sy geestelike waarde het, kan dit nie aanvaar word dat die voordele van die kruis uit die gebruik van die nagmaal as sodanig kom nie. Die elemente van die nagmaal word dan ook nie so met die liggaam van Christus verbind dat die brood en wyn in Sy liggaam verander nie (dit is Transsubstansiasie), en ook nie so dat die liggaam van Christus letterlik in die elemente van die nagmaal teenwoordig is nie (dit is Konsubstansiasie) terwyl die liggaam en bloed van Christus nie letterlik of geestelik in die elemente van die nagmaal teenwoordig is nie, bly dit waar dat Christus op ’n besondere wyse by sy kinders teenwoordig is, wanneer die nagmaal gevier word.

6.3.6 Wat die kinders betref, aanvaar ons dat diegene wat te jonk is om lidmate van die Kerk te wees dit veiliger is om nie die nagmaal te gebruik nie, selfs al sou hulle waarlik weergebore wees, aangesien hulle nie bevoeg is om hulleself voor God te kan beproef om die nagmaal waardiglik te kan gebruik nie.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS

**VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA**

## HOOFSTUK 7

## OOR DIE GODDELIKE GENESING

7.1 Goddelike genesing, nie geloofsgenesing nie, is ’n onvermydelike deel van die evangelie. Dit is die blye boodskap van God aan die liggaam van die mens. Die volle raad van God, of die boodskap wat elke evangeliedienaar moet verkondig om getrou bevind te word, sluit ook goddelike genesing in.

7.2 Goddelike genesing is die voorsienigheid van God in die gekruisigde, verrese en verheerlikte Here Jesus vir die liggaam van die mens. Hierdeur is voorsiening vir die mens gemaak om goed gevorm te word nog voor sy geboorte en om ’n gesonde bestaan te hê van sy geboorte af tot by sy dood. Ook om die opstandings krag van Christus (waar nodig, en waar sy roeping dit vereis) in sy liggaam te ondervind; nie net gedurende sy lewe nie maar ook om sy gestorwe liggaam tot ’n verheerlikte liggaam te verander.

7.3 Goddelike genesing berus nie bloot op God se guns, goedheid en almag nie, maar is in die hart van die versoening waarop elke mens aanspraak kan maak, net soos in die geval van redding en heiligmaking. Dit word ons ondervinding deur geloof in Christus Jesus. Om te glo, soos in alle ander gevalle, moet alles wat hinder uit die weg geruim wees. Die kranke sowel as die voorbidder se verhouding met God en sy medemens moet reg wees. In goddelike genesing is daar nie so iets as ongeneeslike siektes nie. Dit vind plaas tot eer en verheerliking van God en tot geestelike verryking van die wat dit beoefen.

7.4 In goddelike genesing is God nie afhanklik van aardse middele nie. Die aardse middele moet ook nie gesien word as in stryd met die wil van God nie, inteendeel, dit gaan dikwels hand aan hand daarmee.

7.5 Terwyl die Bybel siekte soms toeskryf aan die duiwel, is dit seker dat dit die duiwel is wat siek maak onder die toelating van God. Daar is altyd ’n goddelike doel met siekte en persoonlike sondes is nie altyd die oorsaak daarvan nie.

7.6 Die opdrag aan die gemeente in die Skrif is dat die ouderlinge oor die sieke sal bid, nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. Die gebed van die geloof sal die kranke red en die Here sal hom oprig.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS

## VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

## HOOFSTUK 8

## OOR DIE LAASTE DAE

8.1 Tydens sy omwandeling op aarde het Jesus self aan ons die sekerheid gegee dat Hy persoonlik weer na die aarde gaan kom. Omdat Hy dan na die hemel opgevaar het om vir sy kinders plek te berei, sal Hy ’n tweede keer kom om dié te kom haal wat aan Hom behoort sodat hulle altyd by Hom kan wees.

8.2 Die wederkoms van Christus sal in twee fases geskied. By die eerste fase, wat net tot in die lug sal wees, kom Hy vir sy heiliges, deur hulle weg te raap (wegraping). By die tweede fase wat tot op die aarde sal wees, kom Hy met sy heiliges (die verskyning van sy koms).

8.3 Tussen die twee genoemde fases van sy wederkoms sal die sewe jaar van groot8 verdrukking plaasvind. Gedurende hierdie tyd sal daar verdrukking op die aarde wees soos daar voor dit nog nooit was nie en daarna ook nie weer sal wees nie. Die toorn van God sal oor die aardbewoners losbars en vervolging en marteling sal onder die regering van die Antichris, bygestaan deur die Valse Profeet, plaasvind oor almal wat die merk van die Antichris nie wil aanvaar nie.

8.4 Onmiddellik nadat die Teëhouer, dit is die Heilige Gees, met die wegraping uit die weg is, sal die Antichris persoonlik geopenbaar word. Die regering van die Antichris sal beëindig word met die slag van Armageddon by die sigbare verskyning van Jesus se wederkoms.

8.5 Terwyl die groot verdrukking op aarde plaasvind, sal die Regterstoel- of "Bema"-oordeel van die wedergeborenes in die lug geskied. Die werke sal hier getoets word en elkeen sal ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, of dit goed was of kwaad. Hierna sal die bruilof van die Lam ook in die lug plaasvind.

8.6 Hoewel ’n groot hoeveelheid van die Israelse volk gedurende die Groot Verdrukking uitgeroei sal word, sal God self ’n aantal van hulle verseël en hulle so bewaar. Met die sigbare verskyning van Jesus sal hulle Hom aanvaar as die Messias wat hulle gekruisig het.

8.7 Na die sigbare verskyning van Jesus en die slag van Armageddon sal die oordeel van die nasies plaasvind. Hier sal die bokke geskei word om in die poel van vuur gewerp te word. Die Antichris en die Valse Profeet sal ook gedurende hierdie tyd gevange geneem word en in die poel van vuur gewerp word. Terselfdertyd sal die Satan vir 1 000 jaar gebind word en in die afgrond gewerp word.

8.8 Gedurende die tydperk wat Satan gebind sal wees, sal daar vrede op hierdie aarde wees, daarom word dit die Duisendjarige Vrederyk genoem. Christus sal self, terwyl Hy op die troon van Dawid sal sit, sigbaar vir hierdie 1 000 jaar op aarde regeer. Die heiliges sal saam met Hom as konings en priesters op aarde regeer.

# DIE EVANGELIESE BELYDENIS
## VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

8.9 Verskillende opstandings wat volgens bepaalde orde sal plaasvind word in die Skrif gevind: Eerstens dié wat aan Christus behoort by sy wederkoms; dit is die eerste opstanding of die opstanding van die lewe. Die laaste opstanding sal na die Duisendjarige Vrederyk plaasvind, naamlik die opstanding van die veroordeling.

8.10 Na die Duisendjarige Vrederyk sal die Satan vir ’n kort tydjie losgelaat word en dan sal die slag van Gog en Magog onder sy aanvoering plaasvind. Hierna sal die Satan gevang word en in die poel van vuur gewerp word om vir ewig daar gestraf te word.

8.11 Na die tweede opstanding sal al die verlorenes voor die Groot Wit Troon verskyn om geoordeel te word ooreenkomstig hulle werke wat in die boeke geskryf is. As dit bevind word dat iemand nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie, sal hy in die poel van vuur gewerp word waar hy ’n ewige straf sal ondergaan.

8.12 Hierna volg die nuwe hemel en die nuwe aarde, want die ou hemel en die ou aarde het verbygegaan. Die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sal die woonplek van die kinders van God wees, waar hulle tot in alle ewigheid in geluksaligheid sal wees.